## MONTANAPARK SELGROEP, WOENSDAG, 20 NOVEMBER 2024

### WARE AANBIDDING

Ek staan dikwels in die kerk op 'n Sondag oggend en vind dat die lofprysing en aanbidding my nie aanraak nie. Dit klink erg maar dit is die waarheid. Die Here het egter op die regte tyd my deur die Woord gelei om te kan verstaan waarom ek soms hierdie apatie teenoor die lofprysing en aanbidding ervaar. Dalk is mý ingesteldheid verkeerd. Dalk is óns ingesteldheid verkeerd. Dalk is ons aanbidding verkeerd. Ons lees wat die Here vir die profeet Jesaja oor die volk se aanbidding sê:

> [12]As julle kom om voor my aangesig te verskyn, wie het dit van julle hand geëis — om my voorhowe te vertrap? [13]Bring nie meer skynheilige offergawes nie; gruwelike reukwerk is dit vir My. Nuwemane en sabbatte, die uitroep van samekomste — Ek verdra geen ongeregtigheid en feestyd nie! [14]Julle nuwemane en julle feestye haat my siel; hulle is My 'n oorlas. Ek is moeg om dit te dra. [15]En as julle jul hande uitbrei, bedek Ek my oë vir julle; ook as julle die gebed vermenigvuldig, luister Ek nie: julle hande is vol bloed. [16]Was julle, reinig julle, neem die boosheid van julle handelinge voor my oë weg, hou op om kwaad te doen, [17]leer om goed te doen, soek die reg, beteuel die verdrukker, doen reg aan die wees, verdedig die saak van die weduwee. [18]Kom nou en laat ons die saak uitmaak, sê die HERE: al was julle sondes soos skarlaken, dit sal wit word soos sneeu; al was dit rooi soos purper, dit sal word soos wol. – **Jesaja 1:12-18**

God draai sy gesig weg van ons as ons Hom probeer aanbid maar nog steeds in sonde is. Sy boodskap is eenvoudig dit: bekering voor aanbidding. Ek kan nie aanbid as daar nie 'n bekering weg van sonde in my hart is nie (Hand 3:19). Aanbidding is veel meer as 'n lied wat ek sing. Inteendeel, heel dikwels vorm sang nie eers deel van aanbidding nie. Twee aspekte is belangrik vir aanbidding: **oorgawe** en **diensbaarheid**. Hier is Jesus se eie woorde, en hy haal Deuteronómium 6:13 aan:

> [8]Weer neem die duiwel Hom saam na 'n baie hoë berg en wys Hom al die koninkryke van die wêreld en hulle heerlikheid, [9]en sê vir Hom: Al hierdie dinge sal ek aan U gee as U neerval en my aanbid. [10]Toe sê Jesus vir hom: Gaan weg, Satan! want daar is geskrywe: Die Here jou God moet jy aanbid en Hom alleen dien. – **Matthéüs 4:8-10**

Die duiwel wou nie gehad het dat Jesus vir hom 'n lied sing nie. Hy het aanbidding gesoek en wou hê dat Jesus voor hom moet neerval. Ware aanbidding is wanneer iemand in oorgawe vooroor buig of val. Dit is wanneer jy alles ten volle oorgee aan die een wie jou oorwin het. Dit word in Daniël beskryf:

> [4]En 'n uitroeper het hardop geroep: Julle word aangesê, o volke, nasies en tale, [5]sodra julle die geluid hoor van horing, fluit, siter, luit, harp, doedelsak en van allerhande musiekinstrumente, moet julle neerval en die goue beeld aanbid wat koning Nebukadnésar opgerig het. [6]En hy wat nie neerval en aanbid nie, sal op die daad binne-in die brandende vuuroond gegooi word. – **Daniël 3:4-6**

Hierdie gedeelte gaan wel oor die aanbidding van 'n mens, maar dit is die manier wat ons fokus is – neerval en aanbid. In verse 12-28 word die volgende aspek bespreek, naamlik diens:

> [28]Daarop het Nebukadnésar gespreek en gesê: Geloofd sy die God van Sadrag, Mesag en Abednégo, wat sy engel gestuur en sy knegte verlos het wat hulle op Hom verlaat het en die

> bevel van die koning oortree het, en wat hulle liggame oorgegee het om geen ander god te dien of te aanbid nie, behalwe hulle God. – **Daniël 3:28**

Aanbidding kan leeg wees, en dit is wat dikwels gebeur. Jesus haal Jesaja 29:13 aan:

> [8]Hierdie volk nader My met hulle mond en eer My met die lippe, maar hulle hart is ver van My af. [9]Maar tevergeefs vereer hulle My deur leringe te leer wat gebooie van mense is. – **Matthéüs 15:8-9**

Hoe naby is jou hart aan die Here? Probeer jy die Here vereer deur menslike voorskrifte? Om dienste by te woon, te sing, Bybel te lees, en selfs te bid maak geen verskil nie. Dit gaan oor die intense geestelike verhouding tussen jy as mens en jou Skepper. Jesus stel dit vir ons baie duidelik:

> [20]Ons vaders het op hierdie berg aanbid, en julle sê dat die plek waar ons behoort te aanbid, in Jerusalem is. [21]Jesus sê vir haar: Vrou, glo My, daar kom 'n uur wanneer julle nie op hierdie berg en ook nie in Jerusalem die Vader sal aanbid nie. [22]Julle aanbid wat julle nie weet nie; ons aanbid wat ons weet, want die saligheid is uit die Jode. [23]Maar daar kom 'n uur, en dit is nou, wanneer die ware aanbidders die Vader in gees en waarheid sal aanbid; want die Vader soek ook mense wat Hom só aanbid. [24]God is Gees; en die wat Hom aanbid, moet in gees en waarheid aanbid. – **Johannes 4:20-24**

Ons moet in **gees** en **waarheid** aanbid. Daardie uur is nou hier vir ons omdat ons beide die Heilige Gees en die volledige Woord het. Onthou dat die Woord die waarheid is, soos Jesus in Johannes 17:17 bid. Ons ken die waarheid deur die Woord te ken. Om in die gees te bid beteken om die fokus weg te skuif van jouself af na God toe. Dit gaan nie oor my en my behoeftes nie, dit gaan oor oorgawe in aanbidding en diens aan die lewende God. Waar kan ons oorgee en dien? In alles wat ons doen.

Ons moet versigtig wees dat ons aanbidding op niemand anders nie as op God gefokus moet wees. Bestudeer Openbaring 22:8-9. Johannes het uit verwondering die engel aanbid. Aanbidding gaan nie oor jou of my nie, maar oor God se wil in ons lewe. Dit vereis dat ons die "ek" in ons lewe sal verruil vir "U". Dit vereis oorgawe en opoffering om jou wil te laat gaan en God se wil vir jou lewe te aanvaar.

**BEKLEDING**

As 'n gelowige in Jesus Christus moet jy weet dat jy ten volle beklee moet wees.

1. Ek is beklee met God se **geregtigheid** in Jesus Christus. Sien Efesiërs 4:24-5:2.
2. Ons moet onsself beklee met die **wapens van die lig**. Ons beklee onsself ook **met Jesus Christus** en alles wat Hy vir ons is. Bestudeer Romeine 13:11-14 en Efesiërs 6:13-17.
3. Ons word beklee met die **heerlikheid** van God. Sien 2 Korinthiërs 3:18.
4. Ons moet ons beklee met die **nuwe mens**. Sien Kolossense 3:9-10.
5. Ons sal eendag met **onverganklikheid** beklee word sodat ons in God se domein, die hemel, kan ingaan. Sien 1 Korinthiërs 15:53-54.
6. Hierdie liggaam is net tydelik. Ons hoop is dat die tentwoning wat afgebreek word, vervang sal word met **een wat uit die hemel oorklee is**. Lees 2 Korinthiërs 5:1-4

Waarom die fokus op die bekleding? Eenvoudig omdat jy met Christus en sy geregtigheid beklee moet wees voordat jou aanbidding enigsins vir God aanneemlik sal wees. Beklee jou vandag ten volle.